# Graad 1 - 4
# Jaar 1

# Werkboek

**Hoe om die lesse te gebruik.**

Lesse is volgens CUM se kinderbybel uitgewerk. Daar is met opset nie ‘n handboek nie, want die Bybel is die handboek. Die droom is dat elke kind sy eie kinderbybel het. Ons werk oor ‘n tydperk van 4 jaar deur die Bybel.

Ons probeer:
- hulle leer om die Bybel te hanteer,
- ‘n liefde vir die Bybel ontwikkel,
- dat hulle leer om die Heilige Gees kans te gee om hulle lewens deur die Bybel te verander.
- dat hulle die Bybel, saam met die Heilige Gees, as gesag in hulle lewens aanvaar,
- dat hulle na 4 jaar die Bybel in verhaal vorm kan oorvertel.

Die inhoudsopgawe het ‘n *Bybelprente-bladsynommers*- en ‘n *Prente-Nommer-op-plakkaat* kolom. Sommige gemeentes maak vir hulle plakkate van die Bybelprente wat in die *Bybelprente-bladsynommers* kolom aangedui word. Kontak gerus vir CUM en vetrel hulle dat julle hulle Bybel vir julle kinderlesse gebruik. Hulle het my destyds toestemming gegee om afdrukke van hulle prente te maak, so ek dink nie hulle sal ‘n probleem daarmee hê nie. Hierde plakkaat word dan gebruik wanneer die kinders die verhale in volgorde oorvertel. Deur na die prente te kyk, help dit hulle om te onthou. Vir die kleintjies is dit soms pret om vir hulle ouers te wys dat hulle dit ken. Julle kan dalk kwartaalliks die ouers nooi om te kom kyk.

Jy sal ook sien dat daar bo aan die lesse *Kolle vir die register* geskryf staan. Sommeige gemeentes hou ‘n bywoningsregister. Hulle print die kinders se name onder mekaar, met kolomme langsaan vir elke geleentheid wat daar ‘n les gaan wees. Hulle koop dan kolle aan wat die kind elke keer langs sy naam kan plak as hy daar is. Sommige gemeentes lamineer ‘n A3 papier met slegs kolomme op. Hulle koop dan verskillende kleure afveebare koki’s aan. Hulle skryf die kinders se name op en elke week kry die kind ‘n geleentheid om ‘n kol langs sy naam te gaan maak. Op hierdie wyse kan hulle die bywoningsregister jaarliks hergebruik.

Daar is ook ‘n geleentheid om die *Bybel-boek-naam-liedjie* te oefen. Daar is verskillende kunstenaars met liedjies wat kinders help om die Bybelboekname aan te leer, byvoorbeeld Jan de Wet en die loflaaities en Soekie&Radikids.

Die lesse het inkleurprente aan die einde, maar daar word nie in die lesse daarna verwys nie. Dit is ‘n opsie wat julle tydens die lesaanbiedings kan gebruik. Soms deel die aanbieder die prente aan kinders uit wat nog baie klein of steurend is, sodat dit hulle besig hou terwyl die les aangebied word.

Ek hoop julle het baie pret met die lesse. Daar is geen kopiereg op nie, so gebruik dit asseblief met groot vrymoedigheid. Bebruik dit net so, gebruik dit vir inspirasie, pas dit aan, maak dit beter, kry beter prente... Moet dit asseblief net nie aan ander mense verkoop nie. Ek het nie ‘n probleem daarmee as julle byvoorbeeld drukkostes verhaal nie, maar die lesmateriaal moet asseblief altyd gratis beskikbaar wees. Jammer vir enige spel en taalfoute. Ek het ongelukkig nie die finansies om dit ordentlik te laat proeflees nie. Laat weet my groot asseblief wanneer jy op foute afkom, sodat ek dit kan regmaak.

**Inhoudsopgawe**


| Les | Les naam en bladsynommers | Bybelprente bladsynommers | Prente Nommer op plakkaat |
|---|---|---|---|
| 1 | Wat gaan ons die jaar doen? | | |
| 2 | Bl. 6&7 Die eerste man en vrou/ Na die beeld van God | Bl. 7 | 0/1 |
| 3 | Bl. 8&9 Alles vir 'n happie vrugte/ Uit Eden gestuur | Bl. 9 | 0/2 |
| 4 | Bl. 10&11 Twee broers/ Die eerste moord | Bl. 10 | 0/3 |
| 5 | Bl. 12 – 15 Noag | Bl. 13 | 0/4 |
| 6 | Bl. 16&17 Die stadbouers | Bl. 16 | 0/5 |
| 7 | Hersiening | | |
| 8 | Bl. 18 & 19 God kies Abram/ Die belofte van God | Bl. 18 | 0/7 |
| 9 | Bl. 20&21 Oppad na Sodom/ Lot word gered | Bl. 20 | 0/8 |
| 10 | Bl. 22 – 27 Isak | Bl. 24 | 0/9 |
| 11 | Bl. 28 – 31 Tweelingbroers/ 'n Familie skeur | Bl. 28 | 0/10 |
| 12 | Bl. 32 & 33 'n Stoeigeveg en Jakob se nuwe naam | Bl. 32 | 0/11 |
| 13 | Hersiening | | |
| 14 | Bl. 34 – 37 Bakleiery in die familie/ Josef se droom/ In die put | Bl. 37 | 0/13 |
| 15 | Bl. 38&39 Oppad na Egipte/ Josef moet hard werk | Bl. 38 | 0/14 |
| 16 | Bl. 40 – 43 In die tronk/ Die drome van twee mans | Bl. 42 | 0/15 |
| 17 | Bl. 43 – 47 Die farao se droom/ Josef help die farao | Bl. 44 | 0/16 |
| 18 | Bl. 48 & 49 Die broers leer hulle les | Bl. 49 | 0/17 |
| 19 | Bl. 50 – 55 Benjamin mag saamgaan/ Die waarheid kom uit | Bl. 55 | 0/18 |
| 20 | Hersiening | | |
| 21 | Bl. 56 – 59 'n Baba in 'n bootjie/ Moses slaan 'n slag vir vryheid | Bl. 56 | 0/20 |
| 22 | Bl. 60 & 61 Die brandende bos/ 'n Honderd en een verskonings | Bl. 60 | 0/21 |
| 23 | Bl. 62 – 65 Farao sê nee/ Verskillende plae | Bl. 65 | 0/22 |
| 24 | Bl. 66&67 Die laaste plaag/ Die Joodse paasfees | Bl. 66 | 0/23 |
| 25 | Hersiening | | |
| 26 | Bl. 68 – 73 God wys die weg/ 'n Muur van water | Bl. 70 | 0/25 |
| 27 | Bl. 74&75 Niks om te drink nie/ Niks om te eet nie | Bl. 74 | 0/26 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 28 | Bl. 76 – 79 God op die berg/ God sorg vir Sy volk/ Die tien gebooie | Bl. 76&79 | 0/27 & 0/28 |
| 29 | Bl. 84 – 89 Die beloofde land in sig/ Die lied en laaste dae van Moses | Bl. 89 | 0/29 |
| 30 | Hersiening | | |

**Les 1**
**Wat gaan ons die jaar doen?**

Benodigdhede vir die les: Kolle vir die register
Afgerolde profiel van 'n kop (kyk aan die einde van die les)
Potlode
Uitveërs

1. Administrasie
- Skryf die kinders se name op die registerbord.
- Gee die kinders 'n geleentheid om 'n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
  - Verduidelik dat hulle elke week 'n kans gaan kry om hulle eie kol te plak.
- Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.


3. Wat ons hierdie jaar gaan doen:

3.1 Ons gaan leer om die Bybel uit ons koppe oor te vertel
- Wys vir die kinders die groot bord met die jaar se Bybelprente.
- Verduidelik dat hulle aan die einde van die jaar AL die verhale, in volgorde, gaan kan oor vertel.
  - Hulle gaan dit in die kerk opsê.
- Kyk of hulle nóú al van die verhale kan vertel, sonder om in hulle Bybels te kyk.

3.2 Hulle gaan leer om oor die Bybel te dink
- Kyk nou na die prent van die seun en dogter wat dink.
- Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
- Waarom dink hulle oor die Bybel?

Gee vir elkeen 'n afgerolde papier met die profiel van 'n kop en 'n potlood.
Laat hulle 'n paar sondes opnoem wat mense doen.
Vir die wat kan skryf: laat hulle 'n paar sondes in die kop skryf.
Vir die wat nie kan skryf nie: laat hulle 'n prentjie van 'n sonde teken (bv. Iemand wat steel)
Verduidelik aan hulle, dat wanneer 'n mens oor die Bybel dink, kry Jesus kans om die slegte dinge in ons breine uit te vee en die mooi dinge, die Bybel-dinge, in ons breine te plant. (Vir die ouer kinders: die slegte "softwear" word "delete" en die goeie "softwear" word "gedownload")
Laat hulle die sondes met die uitveërs uitvee.

- Vra weer: Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander, sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- Laat hulle bo aan die prent skryf: *Dink oor die Bybel*



**Les 2**
**Kinderbybel bladsy 6 tot 7**
**Die eerste man en vrou/ Na die beeld van God**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 6 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: Mimiek

Ons speel ons is in die paradys en ons versorg Sy skepping.
Die tannie/oom gee die opdrag en die kinders mimiek dit.

- Gee die plante water
- Plant saadjies
- Pluk vrugte
- Voer die diere
- Asem die skoon lug in
- Sit die kangaroo terug in die ma se sakkie
- Vryf ‘n dier
- Haal ‘n doring uit ‘n oliefant se voet

5.2 Aktiwiteit: Versier mariebeskuitjies (God skep uit niks)

Benodigdhede Mariebeskuitjies (1 vir elke kind)
Versiersuiker
Klein lekkertjies
Smeermes (1 vir elke kind)

Gee vir elke kind ‘n mariebeskuitjie, maar niks anders nie.
Sê vir hulle om dit te versier.
Sodra hulle sê hulle het niks om dit mee te doen nie, verduidelik jy dat God dit kan doen – Hy het ALLES uit NIKS geskep.
Gee nou die versiersuiker en lekkertjies en laat hulle gesiggies op die beskuitjies maak.
Vra vir die kinders of hulle dink hulle gesiggies tevrede sou gewees het met hoe hulle lyk as hulle sou kon lewendig word. (Grappie: gelukkig is God beter met gesiggies maak as ons!)

6. Teksvers vir die volgende twee weke

Gen. 1: 31 God het gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.

6.1 Teksversvaslegging opsie 1: (vir kinders wat kan lees)

Voorbereiding: Skryf die teksvers uit.
Knip die woorde uit.
Plaas elke woord in ‘n ballon, blaas dit op en knoop toe.

Leer eers die teksvers aan.
Laat hulle nou die ballonne bars en die woorde in die regte volgorde pak.

6.2 Teksversvaslegging opsie 2: (vir kinders wat nie kan lees nie)

Gebruik handgebare terwyl die teksvers aangeleer word.

*God*: ...Sit jou hand in die lug. Buig jou arm by jou elmboog. Jou handpalm moet weg wys van jou af. Buig nou jou arm effens vorentoe terwyl jy jou hand, by jou pols, vooroor buig.

*het gekyk*: ...maak verkykers met jou hande voor jou oë terwyl jy dit sê.

*na alles*: ...begin met jou hand voor jou en sprei jou arms na weerskante terwyl jy dit sê.

*wat Hy gemaak het*: ...plaas herhaaldelik een hand bo-op die ander as of jy bakstene op mekaar pak.

*en dit was goed*: ...wys jou duim (“chup”) terwyl jy dit sê.

7. Kom ons dink oor die Bybel
- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander, sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel, sodat Jesus ons kan verander
(Moenie te veel bekommerd wees oor sogenaamde regte of verkeerde antwoorde nie. Ons wil hulle nie laat ophou probeer deur hulle te laat voel hulle is verkeerd nie. Moet dus nie veel uitbrei of reageer op hulle antwoorde nie.)
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 3**
**Kinderbybel bladsy 8 tot 9**
**Alles vir ‘n happie vrugte/ Uit Eden gestuur**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 8 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: Die duiwel vermom homself

| | |
|---|---|
| Benodigdhede | ‘n paar kledingstukke en ander middelle waarmee die kinders (twee op ‘n slag) hulleself kan vermom |

Stuur twee van die kinders na buite en laat hulle hulleself vermom.
Wanneer hulle inkom, moet die kinders raai wie is wie.
Herhaal die proses tot elkeen ‘n beurt gekry het.

Verduidelik dat die duiwel ook homself vermom. Soms gebruik hy selfs ander kinders van die Here om ons te oorreed om slegte of lelike dinge te doen.

5.2 Speletjie 2: Appels en slange

| | |
|---|---|
| Benodigdhede | ‘n slang (uit papier/ haddoekrolhouer/ gestopte sykous... gemaak)<br>‘n stoel vir elke kind |

Die speletjie werk dieselfde as “musical chairs”.
Noem die kinders appels.
Gooi die slang op die grond.
Die kinders is almal appels.
Terwyl die musiek speel of daar ritmies met die hande geklap word, rol die appels op die grond.
Sodra die musiek of ritme ophou, spring die appels elkeen op ‘n stoel.
Die appel wat nie ‘n stoel het nie, is deur die slang gevang en is uit.
Neem een stoel weg en speel weer.
Hou aan met speel tot daar net een kind oor is.

6. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  (Moenie te veel bekommerd wees oor sogenaamde regte of verkeerde antwoorde nie. Ons wil hulle nie laat ophou probeer deur hulle te laat voel hulle is verkeerd nie. Moet dus nie veel uitbrei of reageer op hulle antwoorde nie.)
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

7. Hersiening

- Wie kan laas week se teksvers opsê?
- Wie kan laas week én hierdie week se Bybelverhale opsê?




**Kleur die prent mooi in.**

**Les 4**
**Kinderbybel bladsy 10&11**
**Twee broers/ Die eerste moord**

1. Administrasie
    - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
    - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
    - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 10 oopmaak.
    - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: Herken die groente
- Aan die einde van die les is ‘n bladsye met verskillende groentes.
- Wys die eerste prent vir die kinders.
- Kyk wie die meeste groentesoorte kan onthou wat hulle op die prent gesien het.
- Die jonger kinders kan dit opnoem en die ouer kinders kan dit neerskryf.

5.2 Speletjie: Telefoontjie
- Laat die kinders telefoontjie speel.
- Gee vir die jonger kinders “*Abel offer ‘n skaap op die altaar”* om van oor tot oor te fluister.
- Gee vir die ouer kinders die volgende vraag wat hulle van oor tot oor moet fluister.
  *Abel het 10 skape. Hy offer 3. Hoeveel het hy oor?*
  Die laaste kind in die ry moet die vraag antwoord.

5.3 Speletjie: Teken ‘n skaap en ‘n brokkoli
- Gee vir elke kind ‘n papier en ‘n potlood.
- Laat elkeen 10 keer in die rondte draai en dan ‘n skaap en ‘n brokkoli op die bladsy teken.

6. Teksvers vir die volgende twee weke

Gen. 4: 7 ...die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.

Teksversvaslegging opsie 1: Met behulp van prente (jy kan ook een van die metodes in les 2 gebruik)

- Aan die einde van die les is prente wat die kinders sal help om die teksvers aan te leer.
- Plak die prente, in volgorde teen die muur of laat die kinders dit in volgorde vashou.
- Leer die vers.

Teksversvaslegging opsie 2: Hop ‘n tennisbal vir mekaar

- Leer die teks saam met die kinders.
- Laat hulle nou in ‘n kring staan.
- Laat hulle ‘n tennisbal vir mekaar hop.
- Elke keer as ‘n kind die bal vang, moet hy die volgende woord of twee in die teks sê.

7. Kom ons dink oor die Bybel


- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  (Moenie te veel bekommerd wees oor sogenaamde regte of verkeerde antwoorde nie. Ons wil hulle nie laat ophou probeer deur hulle te laat voel hulle is verkeerd nie. Moet dus nie veel uitbrei of reageer op hulle antwoorde nie.)
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?


8. Hersiening

- Wie kan die eerste 3 Bybelverhale oorvertel?


Groenpeper
Brokkili
Kool
Wortels
Blomkool
Seldery
Komkommer
Eiervrug

# Groente


Groenboontjies
Blaarslaai
Sampioen
Okra
Ui
Aartappel
Spinasie
Tamatie



# Genesis 4 vers 7

# Die sonde




wag jou in daarbuite




en hy wil jou in sy mag kry





Maar jy moet oor hom heers.



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 5**
**Kinderbybel bladsy bl. 12 – 15**
**Noag**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 12 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: Noag sê...

- Speel die speletjie soos *Simon sê.*
  - As Noag die opdrag gee, moet almal dit uitvoer; as Noag dit nie sê nie, moet hulle nie die opdrag uitvoer nie.
  - Kyk wie bly laaste oor.
- Gee opdragte soos:
  - Noag sê: Olifante, stap in by die ark! (die kinders maak soos olifante)
  - Noag sê: Apies, stap in by die ark! (die kinders maak soos apies)
  - Paddas, stap in by die ark. (Noag het dit nie gesê nie en daarom moet hulle nie soos paddas maak nie. Dié wat het, val uit.)
- Doen nou dieselfde met die res van die diere. (Voeg sommer jou eie diere by.)
  - Slang; kameelperd; haas; slak; arend; perd; kangaroo; renoster...

5.2 Speletjie: Kry die diere in die ark

Benodigdhede Plastiek, speelgoed diere

Voorbereiding Versier ‘n kartonboks dat dit effens na ‘n ark of boot lyk.

As jy meer as een dier van ‘n soort het, kan hulle die pare uitsoek en in die ark “laat instap”.

of

Steek die diere voor die les weg en laat die kinders dit soek en in die ark “laat instap.”

5.3 Speletjie: Maak die ballonne-diere bymekaar

Benodighede ballonne
Koki
Stokke/ hokkiestokke/ enige stokkerige ding

- Verdeel die kinders in 2 spanne.
- Elke kind kry 'n ballon - dit is hul diere wat hulle bymekaar moet maak.
- Laat hulle enige dier se gesig op hulle balonne teken.
- Laat die spanne in rye aan die een kant van die klas staan.
- Maak ‘n denkbeeldige eindstreep, dit is die ark, aan die ander kant van die klas.
- Gee die eerste persoon in elke span 'n stok.
- Wanneer jy sê, "Gaan", moet die eerste kind in elke ry hul ballon op die grond sit en dit met hulle stokke tot verby die eindstreep probeer kry, sonder dat dit bars.
- Sodra hulle oor die eindstreep is, hardloop hulle terug met hulle stokke en gee dit aan die kinders, volgende in die rye.
- Kyk watter span het eerste al die diere in die ark.

5.4 Speletjie: Noag aan-aan

Benodigdhede Papierborde
Broekrek
Kryte
Skêr

Voorbereiding Maak ‘n dieremaskers vir elke kind
of laat hulle die dieremaskers self, in die klas maak.


- Kies ‘n kind wat aan is – sê vir almal dat sy/haar naam Noag is.
- Die res van die kinders is diere en hulle moet hulle dieremaskers opsit.
- Laat die kinders twee-twee, met hulle arms, sy aan sy, bymekaar inhaak.
- Al die kinders moenie ‘n maat hê nie. As almal ‘n maat het, moet hulle maar beurte maak dat een kind uitsit.
- Die kind wat nie by ‘n maat ingehaak is nie, moet by een van die groepe gaan inhaak. Daar is dus nou 3 kinders bymekaar ingehaak. Die kind aan die ander ent moet dus so vinnig moontlik los breek en weer by ‘n ander paartjie gaan inhaak.
- Die kind wat aan is, probeer dus elke keer aan die kind, wat nie ingehaak is nie, raak.
- As hy dit reg kry, is die kind aan, aan wie hy geraak het.

6. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  (Moenie te veel bekommerd wees oor sogenaamde regte of verkeerde antwoorde nie. Ons wil hulle nie laat ophou probeer deur hulle te laat voel hulle is verkeerd nie. Moet dus nie veel uitbrei of reageer op hulle antwoorde nie.)
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
    - Jy mag dalk uitwys dat God ook emosies het. Hy was *hartseer* oor die mense wat hy gemaak het omdat hulle so sondig was.
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

7. Hersiening

- Wie kan laas week se teksvers opsê?
- Wie kan die eerste vier Bybelverhale opsê?



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 6**
**Kinderbybel bladsy 16 en 17**
**Die Stadbouers**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.


2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 16 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

4.1 Speletjie: Leer ander tale met behulp van ‘n bordspeletjie
- Aan die einde van die les is 3 bladsy vir die bordspeletjie, ‘n dobbelsteen wat uitgeknip kan word, asook konstruksiehoedjies wat die kinders as plekhouers op die bodspeletjie kan gebruik.
- Laat hoogstens 4 kinders per bord speel. Print dus genoeg borde afhangend van hoeveel kinders in jou klas is.
- Die kinders volg die instruksies op die borde terwyl hulle speel.
- Van die instruksies is dat die kinders lego of hout boublokke moet ontvang om ‘n toring te bou. Indien jy nie lego of houtblokkies het nie, los daardie deel van die speletjie uit.

4.2 Aktiwiteit: Bou ‘n toring
- Gee vir die kinders malvalekkers en sosatiestokkies en kyk wie die hoogste torings daarmee kan bou.
- Hulle heg die stokkies met die malvalekkers aanmekaar.


Start
Building
Hola! is Spanish for Hello! Say Hola to someone wearing one of your favorite colors and get 3 blocks!
Bonjour is French for Hello. Say Bonjour to a girl and get 2 blocks.
Hej is Swedish for Hello. Stand up and tell the class Hej to get 4 blocks.
Nee how is hello in Chinese. Say Nee how to a boy and get 2 blocks.
Mon erreur means My mistake in French.
You forgot your tools! Lose 2 blocks!
Hei is Norwegian for Hello. Say Hei to the teacher and get 3 blocks!
Arret means "Stop" in French. You forget to eat breakfast!
Skip a turn!
Aloha is Hawaiian for Hello. Do your best hula dance and move forward 4 spaces!
Shalom is Hebrew for Hello. Get on your kness and say Shalom to Jesus and get 3 blocks.
Shalom is Hebrew for Hello. Get on your knees and say Shalom to Jesus and get 3 blocks.

# Tower of Babel

Bom dia is Portuguese for "Good Morning" Say Bom dia to a classmate and get 2 blocks.

Ciao means Hello in Italian. Tell a friend Ciao and get 3 blocks.

It starts to rain so you cannot work. Lose one turn.

You deliver extra building supplies.

Take an extra turn!

Hallo is Dutch for Hello. Tell the person on your right Hallo to get 2 blocks.




Konchiwa is Hello in Japanese. Bow 3 times and receive 4 blocks!

Guten Tag means good day in German. Say "Guten Tag" to two people and get 4 blocks!


Dobry den means Hello in Czech. Tell the person across from you hello in Czech. Get 4 blocks!

Greet 3 people of your choice using 3 different languages and get 6 blocks!


It is too windy to work up high. Lose one turn.


The universal way to greet others is a handshake or wave. Wave to the person on your left. Get 3 blocks.





Ting means "Stop" in Chinese. You forgot to say bye to your mom before you left. Skip a turn.
Greet someone in a language other than English to get 4 blocks and a free turn!
G'Day Mate is how they say hello in Australia. Say G'Day Mate to a friend and receive 3 blocks.
Cuidado means Caution in Spanish. You dropped your tool belt. Lose 2 blocks.
Jambo is hello in Swahili. Tell the class hello using this language to get 4 blocks.
Your tower tumbles to the ground. Go back to start.
Ya at' eeh means Hello in Navajo. (American Indian) Stand up and say Ya at' eeh to get 4 blocks.
Salut is Hello in French. Give a Salute and receive 2 blocks.
You did it! Look at all the new languages you learned to greet your friends. Good job!

GAME CUBE







**Kleur die prent mooi in.**

**Les 7**
**Hersiening**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Kyk of hulle die Bybelboek-naam-liedjie kan sing sonder die CD.

3. Lees die Bybel
   - Blaai die Bybel saam met die kinders vanaf bl. 6 – 17 deur.
   - Kyk of hulle die verhale kan onthou

4. Kyk nou wie die 5 Bybelverhale, in volgorde, kan oorvertel sonder om in die Bybel te kyk.

5. Gaan die 2 teksverse weer met die kinders deur:


Gen. 1: 31 God het gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.

Gen. 4: 7 ...die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.


6. Kyk wie kan die teksverse op hulle eie opsê.


7. Speel weer ‘n speletjie of twee van die vorige lesse wat die kinders baie geniet het.




Les 2







**Les 8**
**Kinderbybel bladsy 18&19**
**God kies Abram/ Die belofte van God**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op by bl. 18 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

4.1 Aktiwiteit: Wys vir Abraham hoe om by Kanaan uit te kom.
- Aan die einde van die les is ‘n doolhof wat jy vir die kinders kan afrol.

4.2 Aktiwiteit: Omkring die regte woorde
- Aan die einde van die les is rye letters.
- Laat die kinders die regte woorde vind en dit omkring.

4.3 Speletjie: Lei die blinde
- Deel die kinders in groepies van twee.
- In rondte 1 moet elke kind ‘n geleentheid kry om van punt A na punt B te stap terwyl hy geblinddoek is.
- In rondte 2 gebeur dieselfde, maar die vriend kan raad gee.
- In rondte 3 mag die vriend raad gee én hom aan die arm lei.
- Vra daarna die volgende vrae:
  - Het jy van die speletjie gehou? Waarom/waarom nie?
  - Hoe het dit gevoel om geblinddoek te wees en geen hulp te kry nie?
  - Wanneer was dit die maklikste om jou bestemming te bereik? Waarom?

4.4 Speletjie: Vertroue
- Fase 1:
  - Kinders maak beurte om met hulle rûe teen ‘n muur te staan.
  - Gee ‘n klein treetjie vorentoe en leun dan terug teen die muur.
  - Probeer om weer vanself regop te kom.
  - Gee nog ‘n treetjie vorentoe en probeer weer.
  - Hou so aan tot dat dit onmoontlik is om self weer regop te kom.

- Fase 2:
  - Kinders staan twee-twee met hulle handpalms teen mekaar.
  - Hulle gee elke keer ‘n tree agteruit sonder om mekaar se hande te los.
  - Hulle hou aan terug tree tot dat hulle nie meer mekaar kan regop hou nie.
- Fase 3:
  - Die kinders maak ‘n stywe kring (staan skouer aan skouer).
  - Een kind staan in die middel, geblinddoek en met sy hande teen sy bors.
  - Die kinders in die sirkel staan met hulle palms effens uitgestrek.
  - Die kind in die middel leun tot teen die kinders se handplams.
  - Die kinders in die kring stoot die kind in die middel LIGGIES rond. Sy voete moet op een plek geanker bly.
- Vra daarna die volgende vrae:
  - Wat het veiliger gevoel? Om teen die muur te leun of teen mense? Waarom?
  - Hoe het dit gevoel om in die middelpunt van die sirkel te staan?
  - Was dit maklik om die mense te vertrou?
  - Wie vertrou jy? Waarom?

5. Teksvers vir die volgende twee weke

Jak. 2: 17 Geloof sonder dade is dood.

<u>Teksversvaslegging: Gebruik handgebare</u>


- *Geloof:* …wys met jou wysvinger na jou kop en vou dan jou twee hande voor jou saam.
- *dade*: ...plaas herhaaldelik een hand bo-op die ander as of jy bakstene op mekaar pak.
- *dood:* ...maak met jou vinger of jy jou keel sny

6. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander.
- Vra vir die kinders die volgende vrae:
  - Wat is Abram se vrou se naam? (Sarai)
  - Het Abram en Sarai van die begin af geweet waarheen God wil hê hulle moet gaan? (Nee)
  - Na watter land het God hulle op die oud end laat trek? (Kanaän)
  - Wat wou Abram en Sarai baie graag hê? (‘n Kind)
  - Waarom het God vir Abram laat op kyk en die sterre laat tel? (God wou vir hom wys hoe groot sy familie eendag sou wees.)
  - As jou geloof jou nie iets laat doen nie, is dit ...? (dood)
  - As jou geloof jou nie vir God laat vertrou nie, is dit ..? (dood)

Help vir Abraham om by Kanaan uit te kom.








Vind die volgende woorde en omkring hulle:

Abram; Abraham; Sarai; Sara; Kanaan; Ur; belofte

ABCDEFGHIJKLMNOPQRSARAIXYZ
ZYXWVUTSRQPONMLKJIHGFEDCBA
ABRAMFGHIJKLMNOPQRSTUVWXYZ
ZYXWVUTSRQPONMLKJIHGFEURBA
ABCDEFGHIJKLMNOPQRSTUVWXYZ
ZYXWVUTSRAPONMLKJIHGFEDCBA
ABCDEFGHIJNLMNOPQRSTUVWXYZ
ZYXWVUTSRAPONMLKJIHGFEDCBB
ABRAHAMHIJALMNOPQRSTUVWXYE
ZYXWVUTSRNPONMLKJIHGFEDCBL
ABCDEFGHIJKLMNOPQRSTUVWXYO
ZYXWVUTSRQPONMLKJIHGFEDCBF
ABSARAGHIJKLMNOPQRSTUVWXYT
ZYXWVUTSRQPONMLKJIHGFEDCBE




**Kleur die prent mooi in.**

**Les 9**
**Kinderbybel bladsy 20&21**
**Oppad na Sodom/ Lot word gered**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 20 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

4.1 Speletjie: Soutpilaar
   - Die speletjie is ‘n kombinasie van “There’s fire on the mountain” en Lappoppie.
   - Herhaal die woorde: “Daar is swael uit die hemel! Hardloop, hardloop, hardloop!”
   - Terwyl jy die woorde herhaal, hardloop die kinders rond.
   - Sodra jy sê: “Soutpilaar!” Moet almal gaan stilstaan.
   - Die laaste een wat nog beweeg, is uit.
   - Hou aan tot dat daar net een kind oor is.

4.2 Handwerk: Maak ‘n soutpilaar
   - Benodigdhede    Growwesout
     Klei
   - Maak kleivroutjies (Lot se vrou).
   - Rol/druk die figuurtjies in sout.

5. Kom ons dink oor die Bybel
   - Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
   - Vra:
     - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
     - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
   - So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
     (Moenie te veel bekommerd wees oor sogenaamde regte of verkeerde antwoorde nie. Ons wil hulle nie laat ophou probeer deur hulle te laat voel hulle is verkeerd nie. Moet dus nie veel uitbrei of reageer op hulle antwoorde nie.)
     - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
     - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
     - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

- Jy mag dalk uitwys dat:
  - Abraham het met God geredeneer.
  - God nie vir Abraham kwaad geword toe hy hom probeer ompraat het nie.
  - Abraham het nie sy respek vir God verloor nie.

6. Hersiening
   - Wie kan laas week én hierdie week se Bybelverhale oorvertel?
   - Wie kan laas week se teksvers opsê?



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 10**
**Kinderbybel bladsy 22 – 27**
**Isak**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 22 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

4.1 Speletjie: Gehoorsaam
- Speel die speletjie op dieselfde manier as “Simon says”, maar sê “God sê” in plaas van “Simon sê”.
- As “God sê”, moet die kinders die aksie doen, maar as God dit nie sê nie, moet die kinders dit nie sê nie.
- Indien ‘n kind ‘n aksie doen wanneer God dit nie gesê het nie, is hy uit.
- Hier is ‘n lysie van bevele. Voeg by indien jy wil.
  - God sê: “Lees jou Bybel.” (Die kinders vat hulle Bybels en maak of hulle lees.)
  - God sê: “Bid!” (Die kinders vou hulle hande saam en maak of hulle bid.)
  - “Vat aan jou oor.”
  - God sê: “Slaap ‘n bietjie.
  - “Staan op jou een been.”
  - “Vryf jou neus.”
  - God sê: “Gee jou maatjie ‘n drukkie.”
  - Gee jou maatjie ‘n handdruk.
  - Vat aan jou skouer.
  - God sê: “Eet iets.”
- Wanneer julle klaar gespeel het, kan jy vir die kinders vra of hulle weet wat die verband tussen die speletjie en die verhaal van Abraham en Isak is.
  - Die speletjie gaan oor gehoorsaamheid. Wanneer God vir ons vra om iets te doen, moet ons dit doen.
  - Lei hulle om te verstaan dat Abraham gehoorsaam was toe hy bereid was om sy seun Isak te offer.

4.2 Speletjie: “Stuck in the mud.”

- Dit werk soos *aan-aan*. Daar is een of meer kinders wat *aan* is. Hulle hardloop rond en raak aan die ander kinders.
- Wanneer een van die kinders wat *aan* is aan ‘n ander kind raak, is daardie kind “stuck”. Hy gaan staan wydsbeen op een plek.
- Een van die ander kinders wat nog nie “stuck” is nie, kan ‘n kind wat “stuck” is, vry maak (weer deel van die spel maak) deur onder sy bene deur te kruip.
- Gebruik die speletjie om die konsep van velossing oor te draai.
- Verduidelik aan die kinders dat die sonde ons laat “stuck”.
- Jesus verlos ons, soos ons maatjie ons verlos wanneer ons “stuck” is.

4.3 Handwerk: Vleg ‘n kameelharnas

- Benodigdhede 3 kleure wol
- In die ou tyd het hulle op kameel gery.
- Toe hulle Isak se vrou, Rebekka gaan haal het, het sy waarskeinlik op ‘n kameel gery.
- Verduidelik dat kamele dikwels mooi harnasse gedra het wat van pragtige toue of leer gevleg is.
- Gee vir elke kind drie stukkie wol.
- Laat hulle dit aan die een ent knoop.
- Plak die geknoopte kant teen die tafel vas.
- Laat hulle die wol vleg.
- Knoop dit aan die ander ent wanneer dit klaar gevleg is.
- Aan die einde van die les is ‘n inkleurprent van twee kameel met hulle rûe aan mekaar vas.
- Laat die kinders dit uitknip.
- Vou dit waar dit aan mekaar vas is, sodat die kameel kan regop staan.
- Die kinders kan die kameel inkleur.
- Laat hulle die gevlegde harnas om die kameel se nek hang.

4.4 Handwek/speletjie: Steek die kameel

- Laat die kinders wol vleg soos in 5.3.
- Dié keer is die gevlegte wil nie die kameel se harnas nie, maar sy sterk.
- Gee vir elkeen ‘n stukkie wondergom om aan die een punt van hulle vlegseltjies te sit.
- Print die prent van die kameel aan die einde van die les uit.
- Gee vir elke kind ‘n kans om geblinddoek te word, 3 keer in die rondte te draai en dan die stert op die regte plek te probeer vasplak.

5. Teksvers vir die volgende twee weke

Joh. 3: 16 “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

<u>Teksversvaslegging opsie 1: Gebruik handgebare</u>

*God*: ...Sit jou hand in die lug. Buig jou arm by jou elmboog. Jou handpalm moet weg wys van jou af. Buig nou jou arm effens vorentoe terwyl jy jou hand, by jou pols, vooroor buig.

*wêreld:* …maak ‘n groot sirkel met jou hande voor jou. Begin met jou hande bo bymekaar. Maak ‘n halfsirkel regs om met jou regterhand. Maak ‘n halfsirkels links om met jou linkerhand. Laat jou twee hande mekaar onder ontmoet.

*lief:* …vou jou een hand oor die ander en druk dit teen jou bors.

*enigste* ...hou 1 vinger op.

*seun* …hou jou linker voorarm dwars teen jou lyf, min of meer heuphoogte. Maak of jy jou voorkop tussen jou duim en vingers met jou regterhand wil vasknyp en laat lê dan jou regterarm bo-op jou linkerarm.

*gee* ...maak met arm of jy iets vir iemand aangee, maar met jou handpalm na bo.

*glo:* …wys met jou wysvinger na jou kop en vou dan jou twee hande voor jou saam.

*verlore* ...vou jou vingers van elke hand in ‘n punt. Druk nou jou vingerpunte van jou twee hande teen mekaar as of jy iets vashou. Hou jou twee duime teen mekaar en maak die res van jou vingers na onder toe oop as of jy iets laat val.

*ewige lewe:* ...hou jou voorarms regop voor jou met jou palms wat na mekaar wys, maar nie aan mekaar raak nie. Maak met jou hande ‘n golfbeweging twee keer verby mekaar.

<u>Teksversvaslegging opsie 2: Prente</u>

- Aan die einde van die les is prente vir teksversvaslegging.
- Leer die woorde van die teksvers met behulp van die prente en neem dan een vir een prent weg tot hulle die teksvers uit hulle kop kan opsê.

<u>Teksversvaslegging opsie 3: Tennisbal</u>

- Staan in ‘n kring.
- Die kinders hop ‘n tennisbal vir mekaar.
- Elke keer as ‘n kind ‘n tennisbal vang, moet hy met die teksvers aangaan waar die vorige een opgehou het.

6. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
    - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
    - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  (Moenie te veel bekommerd wees oor sogenaamde regte of verkeerde antwoorde nie. Ons wil hulle nie laat ophou probeer deur hulle te laat voel hulle is verkeerd nie. Moet dus nie veel uitbrei of reageer op hulle antwoorde nie.)
    - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
    - Leer die verhaal vir ons iets van mense?

    - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?
    - Help julle om te verstaan dat:
        - Die verhaal van Abraham en Isak verwys na God die Vader wat Sy seun Jesus vir ons geoffer het.
        - Die teksvers wat ons vandag geleer het sê vir ons dat God Sy enigste seun vir ons gegee het.


7. Hersiening
    - Wie kan die laaste 3 Bybelverhale vanaf bladsy 18 oorvertel?







Joh. 3: 16 “God het die wêreld so liefgehad



dat Hy sy enigste Seun gegee het,



sodat dié wat in Hom glo,



nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.




**Kleur die prent mooi in.**

**Les 11**
**Kinderbybel bladsy 28 – 31**
**Tweelingbroers/ ‘n Familie skeur**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 28 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)
   - Wanneer julle bladsy 29 lees kan jy die kinders vra om elke keer “njam-njam” the sê wanneer hulle die woord “kos” hoor.

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

4.1 Aktiwiteit: Pot sop doolhof
- Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n pot kokende sop.
- Die stoom uit die pot vorm ‘n doolhof.
- Kyk of jy jou pad deur die stoom tot by die sop kan vind.

4.2 Handwerk: Maak ‘n potboekie
- Aan die einde van die les is ‘n prent met ses potte.
- Die verhaal van Jakob en Esau is daar op uitgebeeld.
- Laat die kinders dit inkleur, uitknip en kram dit dan aanmekaar om ‘n boekie te vorm.
- Die kinders kan dan beurte kry om die verhaal met behulp van hulle boekies vir mekaar te vertel.

4.3 Speletjie: Voel wie dit is
- Blinddoek elke keer een kind.
- Laat hy die ander kinders se gesigte met sy hande voel en elke keer raai wie se gesig dit is.
- Julle kan ‘n klein kompetisie hou deur te kyk wie het die meeste reg gehad.
- Vra vir die kinders wat die speletjie met die verhaal te doen het.

4.4 Speletjie: Vermom mekaar
- Gee vir die kinders lappe, toiletpapier, ou klere en komberse om mekaar onherkenbaar te maak.
- Hulle kan selfs ’n kompetisie hou om te kyk wie die beste vermomming maak.

5. Kom ons dink oor die Bybel
   - Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
   - Vra:
     - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
     - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
   - So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander (Moenie te veel bekommerd wees oor sogenaamde regte of verkeerde antwoorde nie. Ons wil hulle nie laat ophou probeer deur hulle te laat voel hulle is verkeerd nie. Moet dus nie veel uitbrei of reageer op hulle antwoorde nie.)
     - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
     - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
     - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?
     - Jy kan ook van die volgende vrae gebruik indien jy wil:
       - Ek wonder hoe laat die verhaal jou voel.
       - Ek wonder wat vir jou die belangrikste was.
       - Ek wonder of jy dink dat daar vrede tussen Jakob en Esau sal kan kom.
       - Ek wonder hoe Esau gevoel het toe hy besef dat Jakob hom bedrieg het.
       - Ek wonder hoekom mense mekaar so baie bedrieg.
       - Ek wonder of jy al bedrieg was deur iemand naby aan jou.
       - Ek wonder of iemand ook in julle huis voorgetrek word.
       - Ek wonder of die seën van ons ouers ook vir ons belangrik is.


6. Hersiening
   - Wie kan die laaste 4 Bybelverhale vanaf bladsy 18 oorvertel?
   - Wie kan laas week se teksvers opsê.

7. Iets om huistoe te stuur vir volgende keer se les.
   - Aan die einde van die les is daar ‘n werkvel wat die kinders kan huistoe neem oor hulle name.
   - Vra hulle om dit saam met hulle ouers in te vul en na die volgende les terug te bring.




Taken from *Amazing Mazes for Kids* by Steve and Becky Miller, copyright © 1998 and published by Harvest House Publishers, Eugene, OR. Used by permission.


Birthright
Stew


Esau and Jacob are twins.


Esau is hungry.


Jacob made stew.


Esau traded his birthright...


...so he could eat Jacob's stew.

My spesiale naam:

Wat beteken my naam?

Wie het my naam gekies?

Hoe is my naam gekies?

My spesiale naam:

Wat beteken my naam?

Wie het my naam gekies?

Hoe is my naam gekies?



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 12**
**Kinderbybel bladsy 32&33**
**‘n Stoeigeveg en Jakob se nuwe naam**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 32 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)
   - Wanneer julle bladsy 29 lees kan jy die kinders vra om elke keer “njam-njam” te sê wanneer hulle die woord “kos” hoor.

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Die naam speletjie
   - Laat die kinders vir hulle elkeen ‘n naam, met betekenis, kies. As hulle wil kan dit selfs ‘n super held of ‘n karakter uit ‘n film of TV program wees.
   - Hier is ‘n paar voorbeelde:
     - Die een wat slim is.
     - Sterkman
     - Hardloper van resies
     - Danskoningin
     - Vredemaker
   - Gee vir elkeen ‘n geleentheid om te sê waarom hulle die spesifieke naam gekies het.
   - Laat die kinders in ‘n ry staan.
   - Die voorste kind groet elkeen met die hand en sê: “Aangename kennis. My naam is ...(die kind sê die naam wat hy gekies het).”
   - Die een wat hy groet, groet terug deur te sê: “Gaaf om jou te ontmoet ...(die kind sê die naam wat hy gekies het).”
   - Wanneer die eerste kind kans gekry het om elkeen te groet en elkeen hom terug gegroet het, is dit die volgende kind se beurt. Indien daar te veel kinders is, kan jy hulle in groepies opdeel.
   - Vra vir die kinders of dit lekker voel as die maats hulle op hierdie nuwe naam noem.

5. Wat is in ‘n naam?
   - Google of lees op oor die kinders in jou klas se name se betekenisse.
   - Die wat onthou het om hulle werkvelle oor hulle name terug te bring, kan dit nou uithaal en met die klas deel.
   - Voeg jou bevindinge by.
   - Vra vir die kinders wie van hulle byname het.
     - Het hulle dalk byname wat net die familie gebruik, byvoorbeeld ‘n oupa of ouma se spesiale naam vir hulle?
     - Laat dit hulle skaam voel?
     - Laat dit hulle spesiaal voel?

- God het baie keer mense se name in die Bybel verander, byvoorbeel Abram na Abraham; Sarai na Sara en vandag het ons gehoor het Hy Jakob se naam verander na Israel.
    - Waarom dink jy verander God soms mense se name?
        - Die nuwe naam sê wie ons régtig is.
        - Dit sê dat God ons vir ‘n spesiale werkie gemaak het.
- Abram se naam het na Abraham verander. Abraham beteken “vader van baie”.
  Sarai se naam het na Sara verander. Sara beteken “prinses”.
  God het hulle name so verander omdat die hele volk Israel uit hulle gekom het.
- Jakob se naam het na Israel verander. Israel beteken “mag God heers”.
  Die volk wat uit Jakob gegroei het, word die Israeliete genoem.
  Die land Kanaan se naam het na Israel verander.
  Die Israeliete is God se volk.
  Jesus is uit die Israeliete gebore.

6. Teksvers
- Lees vir jou eie voorbereiding Op. 2: 17.
    - Jy kan dit op ‘n manier bywerk indien jy dink jou kinders sal dit verstaan.
    - Verduidelik dit dalk soos ‘n troetelnaampie wat jou ouers of oupa en ouma vir jou het. Hulle eie spesiale troetelnaampie vir jou. God het ook ‘n spesiale troetelnaampie vir elkeen van ons wat NET HY KEN. Dis baie spesiaal; ons is baie spesiaal vir Hom. In hierdie naam is opgesluit wie ons regtig is, waarvoor ons geroep is.

Jes. 43: 1 Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

- Gebruik enige van die vorige vasleggingsmetodes om die teksvers aan te leer.

7. Hersiening
- Wie kan die laaste 5 Bybelverhale vanaf bladsy 18 oorvertel?



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 13**
**Hersiening bl 18 - 37**

1. Administrasie
   - Gee die kinders 'n geleentheid om 'n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Kyk of hulle die Bybelboek-naam-liedjie kan sing sonder die CD.

3. Lees die Bybel
   - Blaai die Bybel saam met die kinders vanaf bl. 18 – 37 deur.
   - Kyk of hulle die verhale kan onthou

4. Kyk nou wie die eerste 10 Bybelverhale, in volgorde, kan oorvertel sonder om in die Bybel te kyk.

5. Gaan die 5 teksverse weer met die kinders deur:

Gen. 1: 31 God het gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.

Gen. 4: 7 ...die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.

Jak. 2: 17 Geloof sonder dade is dood.

Joh. 3: 16 "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Jes. 43: 1 Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

6. Kyk wie kan die teksverse op hulle eie opsê.

7. Speel weer 'n speletjie of twee van die vorige lesse wat die kinders baie geniet het.


Les 7




Les 9





**Les 14**
**Kinderbybel bladsy 34 – 37**
**Bakleiery in die familie/ ‘n Familie skeur**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 34 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Kleurkode inkleurprent
- Aan die einde van die les is ‘n kleurkode inkleurprent (die prent is genommer en wys watter gedeelte watter kleur moet wees).

5.2 Handwerk: Maak ‘n kleed vir Josef
- Benodigdhede Verskillende kleure wol
  ‘n Joseffiguurtjie vir elke kind
- Aan die einde van die les is ‘n templaat vir twee mannetjies.
- Print vir elke kind een (indien jy wil kan jy dit op dikker papier print of dit op karton afteken).
- Laat die kinders die mannetjies uitknip.
- Laat hulle die wol om die mannetjie draai om vir hom ‘n mooi gekleurde jas te maak. Kyk die voorbeeld op die prentjie:



5.3 Speletjie: Onregverdigheid en jalousie

- Benodigdhede ‘n Emmers
  Swaar klippe

- Pak ‘n paar stoele ‘n meter of so uit mekaar, in ‘n ry.
- Pak die hoop klippe aan die een ent van die ry stoele en laat die kinders aan die ander ent, in ‘n ry, aantree.
- Gee die emmer vir die voorste kind en laat hom tussen die stoele deur vleg.
- Wanneer die kind by die klippe kom, moet hy een optel, in die emmer sit en terug vleg tot by sy span. Hy gee die emmer vir die volgende kind in die ry en gaan val agter in die ry.
- Die tweede kind vleg tussen die stoele deur, tel ‘n klip op, sit dit in die emmer en vleg terug.
- So hou hulle aan tot dat almal klaar is.
- Vra ‘n paar vrae om te kyk of jy onregverdigheid en jaloesie kan uitlok. Byvoorbeeld:
  - Waarom het julle laaste klomp so stadig gehardloop? Is julle swakker as die ander? Is julle onfiks?
  - Dink julle Josef was sy pa se witbroodjie? Het hy hom voorgetrek?
  - Word jou boetie, sussie of maatjie in die klas ook soms voorgetrek?
  - Dink julle dit was Josef se skuld dat sy pa hom voorgetrek het?
  - Dink julle dis reg dat Josef se broers hóm gestraf het oor iets wat sy pa verkeerd gedoen het?
  - Dink julle dis reg dat julle lelik is met julle boeties, sussies of maatjies omdat hulle soms voorgetrek word?

6. Teksvers vir die volgende twee weke

Hand. 7: 9 Uit jaloesie het die stamvaders vir Josef verkoop, maar God was by hom.

- Verduidelik aan die kinders dat Josef en sy broers al te saam twaalf boeties was.
- Elke boetie noem ons ‘n stamvader. Uit hulle het die twaalf stamme gekom waaruit die Israeliete bestaan.

<u>Teksversvaslegging opsie 1: Gebruik handgebare</u>

*uit:* ...maak met arm of jy iets vir iemand aangee, maar met jou handpalm na bo.

*jaloesie:* ...maak ‘n vishoek vorm met jou wysvinger. Hou die punt van die “hoek” by jou mondhoek, op so ‘n manier dat mens jou hand van die kant af sien. Beweeg die “hoek” effens afwaarts, sywaarts, weg van jou mond en draai jou hand tot die ander mense die agterkant van jou hand sien.

*stamvaders:* …hou jou hand oop. Raak met jou duim aan jou voorkop.

*verkoop:* …hou jou vuis voor jou bors met die rugkant van jou hand na jou toe. Maak jou hand oop en vorm ‘n “L” met jou wysvinger en duim. Bring jou duim terug sodat net jou wysvinger in die lug is.


*maar God*: ...Sit jou hand in die lug. Buig jou arm by jou elmboog. Jou handpalm moet weg wys van jou af. Buig nou jou arm effens vorentoe terwyl jy jou hand, by jou pols, vooroor buig.

*was by hom:* …wys met jou wysvinger vorentoe. Begin naby jou lyf en beweeg jou hand vorentoe.


<u>Teksversvaslegging opsie 2: Vraag en antwoord</u>


- Jy vra 'n vraag en die kinders moet jou antwoord.
- Jy vra: Wie het vir Josef verkoop?
- Die kinders antwoord: Die stamvaders!
- Jy vra: Waarom wou hulle vir Josef verkoop?
- Die kinders antwoord: Uit jaloesie!
- Jy vra: Maar God was?
- Die kinders antwoord: By hom!
- Herhaal dit 'n paar maal en kyk of hulled an die hele vers uit hulle koppe kan opsê.

7. Kom ons dink oor die Bybel
   - Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
   - Vra:
     - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
     - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
   - So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander (Moenie te veel bekommerd wees oor sogenaamde regte of verkeerde antwoorde nie. Ons wil hulle nie laat ophou probeer deur hulle te laat voel hulle is verkeerd nie. Moet dus nie veel uitbrei of reageer op hulle antwoorde nie.)
     - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
     - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
     - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?




© Crafting The Word Of God







**Kleur die prent mooi in.**

**Les 15**
**Kinderbybel bladsy 38&39**
**Oppad na Egipte/ Josef moet hard werk**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 38 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: Wat doen ek?
- Fluister elke keer ‘n huistakie in ‘n kind se oor.
- Hy moet die huistakie mimiek en die ander moet raai wat hy doen.
- Voorbeelde van huistakies is: pak jou speelgoed weg; was die vloer; vee met ‘n besem; maak kos; trek onkruit uit die tuin; maak jou bed op; hang jou klere in die kas; was die kar; maak die toilet skoon; was skottelgoed...

5.2 Speletjie: Werk-werk, werk-werk, rus!
- Laat die kinders regop staan.
- Sê vir elke kind om ‘n huistakie te kies wat hy gaan mimiek.
- Herhaal die woorde: Werk-werk, werk-werk, werk-werk...
- Terwyl jy dit sê ,moet die kinders aanhou om hulle huistakie te mimiek.
- Sodra jy sê rus, moet almal botstil gaan staan.
- Die een wat beweeg is uit.
- Kyk wie bly laaste oor.

5.3 Aktiwiteit: Omkring die regte woorde
- Aan die einde van die les is ‘n woordraaisel.
- Hulle moet die antwoorde in hulle Bybels opsoek.

6. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
    - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
    - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
- Gebruik die volgende vrae om oor Josef te dink:
    - Dink jy Josef was bang toe hy as slaaf verkoop is?
    - Doen jy altyd dadelik wat mamma en papa vir jou vra om te doen?
    - Besef jy dat Josef heelwaarskynlik by sy pa kon doen wat hy wou, want hy was sy pa se witbroodjie. As slaaf, kon hy nooit doen wat hy wou nie. Hy moes die heeltyd hard werk en doen wat sy baas vir hom sê om te doen. Dink julle dit was vir hom baie erg dat sy lewe so verander het?
    - Praat jy ooit tee as jou ma of pa vir jou sê om iets te doen?
    - Wat dink jy sou met 'n slaaf gebeur as hy teepraat?
    - Wat dink jy het met Josef gebeur as hý teegepraat het?
    - Josef het besluit om die beste slaaf te wees wat hy kon wees. Dink jy jy sal dit kan regkry?
    - Wat het met Josef gebeur omdat hy sy beste gegee het deur altyd hard te werk? (Sy eienaar het hom begin vertrou en hom oor alles aangestel wat hy het.)
- Nou dat ons bietjie oor Josef as slaaf gedink het, wat dink julle:
    - Leer die Bybelverhaal van Josef wat as slaaf verkoop is vir ons iets van God?
    - Leer die Bybelverhaalverhaal van Josef wat as slaaf verkoop is vir ons iets van mense?
    - Waarom dink julle het God die Bybelverhaalverhaal van Josef wat as slaaf verkoop is in die Bybel gesit?

7. Hersiening

- Vertel laas week én hierdie week se Bybelverhale.
- Sê laas week se teksvers op.

**Josef as slaaf verkoop.**

1. Wie het vir Josef verkoop?
2. Die slaweverkopers het daarop gery.
3. Hy was ontsteld dat Josef verkoop is.
4. Hoeveel silwerstukke?
5. Watter bloed het hulle gebruik om Josef se klere te besmeer?
6. Jakob het uitgeroep: "'n ... dier het hom doodgemaak!"
7. Josef se jonger broer.
8. Die man wat vir Josef gekoop het.
9. Josef het in die man se ... gewerk.
10. Die man het op die ou end vir Josef oor ... aangestel.

| | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| b | q | f | b | f | d | d | s | t | w | i | n | t | i | g |
| o | t | x | r | u | b | e | n | i | u | b | r | q | p | z |
| k | t | w | o | h | e | v | n | b | r | b | d | j | l | u |
| j | k | m | e | o | v | r | e | e | s | l | i | k | a | u |
| t | o | u | r | d | c | a | u | n | q | f | q | n | i | x |
| a | h | b | s | x | h | f | b | j | h | t | t | v | x | n |
| d | s | t | u | w | d | i | z | a | a | v | r | p | u | h |
| k | a | m | e | l | e | t | g | m | v | e | k | o | b | d |
| g | n | b | f | v | b | o | r | i | e | h | u | w | v | z |
| p | o | t | i | f | a | r | i | n | u | d | n | y | y | t |
| d | m | n | n | q | g | i | s | j | g | i | p | c | z | h |
| x | u | j | g | i | k | n | o | e | u | j | g | x | o | u |
| r | d | m | t | e | w | z | n | i | m | a | j | n | e | i |
| o | p | u | g | v | n | t | a | o | b | a | l | l | e | s |

**Josef as slaaf verkoop.**
**Antwoorde**

1. Wie het vir Josef verkoop? (broers)
2. Die slaweverkopers het daarop gery. (kamele)
3. Hy was ontsteld dat Josef verkoop is. (Ruben)
4. Hoeveel silwerstukke? (twintig)
5. Watter bloed het hulle gebruik om Josef se klere te besmeer? (bok)
6. Jakob het uitgeroep: "'n ... dier het hom doodgemaak!" (vreeslike)
7. Josef se jonger broer. (benjamin)
8. Die man wat vir Josef gekoop het. (potifar)
9. Josef het in die man se ... gewerk. (huis)
10. Die man het op die ou end vir Josef oor ... aangestel. (alles)

b q f b f d d s t w i n t i g

o t x r u b e n i u b r q p z

k t w o h e v n b r b d j l u

j k m e o v r e e s l i k a u

t o u r d c a u n q f q n i x

a h b s x h f b j h t t v x n

d s t u w d i z a a v r p u h

k a m e l e t g m v e k o b d

g n b f v b o r i e h u w v z

p o t i f a r i n u d n y y t

d m n n q g i s j g i p c z h

x u j g i k n o e u j g x o u

r d m t e w z n i m a j n e i

o p u g v n t a o b a l l e s



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 16**
**Kinderbybel bladsy 40 – 43**
**In die tronk/ Die drome van twee mans**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 40 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: Valslik beskuldig
- Sit iets klein, wat maklik in ‘n kind se hand pas, tussen die kinders op die vloer.
- Kies een kind wat sy oë moet toemaak.
- Wys na een kind wat dan die voorwerp moet optel “steel” en in sy hand vashou.
- Die kind wat sy oë toe gehou het, mag dit nou oopmaak en probeer sê wie die voorwerp gevat het.
- Maak nie saak wie hy aanwys nie (al wys hy verkeerde kind aan), daardie kind moet in die tronk gaan sit (hy is dus uit).
- Hou so aan tot al die kinders uit is.
- Jy kan die speletjie ‘n paar maal speel om elkeen ‘n kans te gee om sy oë toe te hou.
- Vra nou die volgende vrae vir die kinders:
  - Wie van julle het in die tronk beland omdat jy regtig die voorwerp gevat het?
  - Wie van julle het in die tronk beland, maar dit was nie julle wat die voorwerp gevat het nie?
  - Hoe het dit gevoel om in die tronk te beland al was dit nie jy wat dit gevat het nie?
  - Is dit ‘n regverdige speletjie?
- Vra vir die kinders wat die speletjie met vandag se Bybelverhaal te doen het.

5.2 Speletjie: Tronk-tronk
- Kies een of twee kinders om *aan* te wees.
- Bou ‘n tronk deur ‘n kampie met stoele te pak.
- Speel *aan-aan*.
- Sodra die kinders wat *aan* is aan ‘n kind raak, moet daardie kind in die tronk gaan sit.
- Speel die speletjie ‘n paar maal sodat al die kinders ‘n beurt kry om *aan* te wees.

- Vra vir die kinders wat die speletjie met vandag se Bybelverhaal te doen het.

5.3 Aktiwiteit: Hoe praat God met ons?

- Gee vir elke kind ‘n skoon papier en pen/potlood.
- Laat hulle maniere neerskryf waarop mense met mekaar kommunikeer.
  - Radio, Televisie, Boeke, Tydskrifte...
- Laat hulle dan saam besluit wat is die beste en mees effektiewe maniere van Kommunikasie.
- Wat is die minste effektiwe manier van kommunikasie?
- Verduidelik:
  - God kan met ons kommunikeer op die mees fantastiese maniere.
  - Ons het vandag beitjie daarvan gesien in Josef se storie.
  - God praat met Josef deur drome.
  - God praat ook met soms met óns deur drome.
- Laat die kinders nog ‘n paar maniere sê hoe God met ons praat:
  - Bybel, natuur (Sy skepping), musiek, ander mense, films...
  - God kan ENIGE IETS gebruik om met ons te praat.
- Gee vir die kinders die uitdaging om gedurende die week te kyk op watter maniere God met hulle praat.
- Vra vir die kinders wat dié gesprek met vandag se Bybelverhaal te doen het.

5.4 Speletjie: Telefoontjie

- Laat die kinders langsmekaar sit.
- Fluister vir die voorste kind in die ry iets in sy oor.
- Elke kind fluister op sy beurt dieselfde boodskap in die kind langs hom se oor.
- Die laaste kind in die ry sê hardop wat hy gehoor het.
- Kyk hoe naby of vêr dit aan die oorspronklike boodskap is.
- Fluister iets wat met Josef se verhaal te doen het. Byvoorbeeld:
  - Josef het elf broers gehad.
  - God het met Josef deur drome gesels.
  - Josef se broers het nie van sy drome gehou nie.
  - Josef se broers was jaloers op hom.
- Vra vir die kinders of hulle kan dink wat die speletjie met Josef se verhaal te doen het.
  - Dit gaan oor kommunikasie.
  - Dit is nie altyd maklik om te weet wat God vir ons deur ons drome wil sê nie net soos dit nie altyd maklik is om duidelik te hoor wat ons maatjie in ons oor fluister nie.

6. Teksvers vir die volgende twee weke

Hebr. 13: 5 God sê: "Ek sal nooit van jou af weggaan nie, jou nooit in die steek laat nie."

<u>Teksversvaslegging opsie 1: Gebruik handgebare</u>

*God*: ...Sit jou hand in die lug. Buig jou arm by jou elmboog. Jou handpalm moet weg wys van jou af. Buig nou jou arm effens vorentoe terwyl jy jou hand, by jou pols, vooroor buig.

*sê:* ...raak met jou vinger aan jou mond.

*Ek sal nooit:* ...buig jou arm by die elmboog en wys met jou wysvinger. Swaai jou voorarm sywaarts heen en weer.

*van jou af weggaan nie:* ...draai jou rug en stap op een plek.

*jou nooit:* ...buig jou arm by die elmboog en wys met jou wysvinger. Swaai jou voorarm sywaarts heen en weer.

*in die steek laat nie*: …draai jou rug en stap op een plek.

<u>Teksversvaslegging opsie 2: Vraag en antwoord</u>


- Jy vra 'n vraag en die kinders moet jou antwoord.
- Jy vra: Wat sal God nooit doen nie?
- Kinders antwoord: Nooit van ons af weggaan nie!
- Jy vra: Wat sal God nooit doen nie?
- Kinders antwoord: My in die steek laat nie!

7. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
    - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
    - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
- Bebruik die volgende gedagtes om saam met die kinders oor Josef in die trunk te dink.
    - Net toe Josef dink dat dit uiteindelik beter gaan met hom, beland hy sowaar in die tronk.
    - Eers word Josef deur sy eie broers as 'n slaaf verkoop. Hy mag nie meer doen wat hy wil nie. Hy moet heeldag lank hard werk en hy mag nie teepraat nie.
    - Dan word hy valslik beskuldig en beland hy in die tronk!
    - Hoe sou jy gevoel het as ál dié dinge met jou gebeur het?
    - Op watter manier het God van die begin af met Josef gepraat? (drome)
    - Op watter manier het die Here met die skinder en bakker in die tronk gepraat? (drome)
    - Op watter manier het God met die farao gepraat? (droom)
- Nou dat ons bietjie saam oor Josef in die tronk gedink het, wat dink jy:
    - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?

- Leer die verhaal vir ons iets van mense?
- Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

8. Hersiening
   - Sê die afgelope drie lesse se verhale op (vanaf bl. 34 -43).



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 17**
**Kinderbybel bladsy 43 – 47**
**Die farao se droom/ Josef help die farao**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 43 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging


5.1 Speletjie: Maer koeie – vet koeie
- Aan die einde van die les is prente van twee koeikoppe. Een kop is maer en een kop is vet.
- Maak maskers met die koppe. Vetkop maskers vir die meeste kinders in die klas en maerkop maskers vir twee of drie van die kinders.
- Om die maskers stewiger te maak, kan jy dit op ‘n papierbord plak.
- Maak gaatjies vir die oë en heg ‘n stukkie rek aan die masker sodat die kinders dit kan dra.
- Jy kan die maskers voor die tyd maak of dit as ‘n handwerk aktiwiteit gebruik en die kinders geleentheid gee om hulle eie maskers te maak.
- Laat die kinders hulle maskers opsit en speel dan aan-aan.
- Die maerkop koeie moet die vetkopkoeie vang.
- Die kinders wat gevang word is uit. Speel tot almal uit is.
- Herhaal die speletjie met nuwe maerkop koeie.


5.2 Speletjie: Koeiresies
- Aan die einde van die les is ‘n templaat vir ‘n dobbelsteen, klein vetkoei prentjies en ‘n koeiresiesrooster.
- Maak ‘n fotostaat van die dobbelsteen, knip dit al om die rante en plak dit om ‘n dobbelsteen te vorm.
- Laat die kinders vir elkeen ‘n klein vetkoei prentjie uitknip.
- Die vetkoeiprentjies het elkeen ‘n skoon gedeelte waarop die kind sy naam kan skryf sodat hy weet watter koei syne is.
- Die kinders plaas hulle koeiprentjies in ‘n blokkie op die eerste ry van die koeiresiesrooster.
- Elke kind kry ‘n beurt om die dobbelsteen te gooi. Hy skuif sy koeiprentjie die aantal

blokkies waarop die dobbelsteen geval het.
- Indien sy koeiprentjie op ‘n maerkoeiprentjie beland, moet hy twee blokkies terug skuif.
- Kyk wie kom eerste by sy wenblokkie uit.


6. Kom ons dink oor die Bybel
   - Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
   - Vra:
     - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
     - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
   - So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
     - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
     - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
     - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

7. Hersiening
   - Sê die afgelope drie lesse se verhale op.









GAME CUBE
2
3
1
2
3
1

**Koeiresiesrooster**



Les 16



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 18**
**Kinderbybel bladsy 48&49**
**Die broers leer hulle les**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 48 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: Steek vir Benjamin weg.
- Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n mannetjie.
- Rol dit af en knip dit uit.
- Skryf die naam, Benjamin, voor die kinders op die mannetjie.
- Laat die kinders hulle oë toemaak terwyl jy vir “Benjamin” wegsteek.
- Laat hulle vir Benjamin soek.
- Speel die speletjie ‘n paar keer.

5.2 Speletjie: Regterhand-seun

Deel 1: Ben
- Sê: “Ben, kom hier!”
- Dalk het jy ‘n Ben in jou klas, maar dalk nie. Hou aan om te sê: “Ben, kom hier!”
- Verduidelik nou dat ál die seuns na jou toe moes gekom het, want die woord *ben*, beteken *seun* in Hebreus.
- As jy net meisies in jou klas het, kan jy iets sê soos: “Ja, julle is reg. Ons het nie benne in ons klas nie.” Verduidelik dan verder wat die woord *ben* beteken.


Deel 2: jamin
- Vra: “Wie van julle kan vir my jou jamin gee?’
- Skud hand met elkeen terwyl jy sê: “Skud my jamin.”
- Verduidelik dat die naam *Benjamin* uit twee dele bestaan.
- *Ben* verwys na seun en *jamin* verwys na regterhand.
- Die naam *Benjamin* beteken dus *regterhand-seun.*


Deel 3: Beeldspraak


- Aan die einde van die les is 'n kroon.
- Maak 'n afskrif, knip dit uit en plak dit in die vorm van 'n kroon.
- Gee een kind die geleentheid om die koning te wees.
- Hy/sy moet vir hom 'n *Benjamin (regterhand-seun)* kies.
- Verduidelik dat, as iemand jou regterhand is, is hy baie belangrik en die een wat jou altyd help.
- As jy byvoorbeeld die koning se regterhand is, het jy 'n baie belangrike posisie. Jy is die koning se belangrike helper.

6. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?







**Kleur die prent mooi in.**

**Les 19**
**Kinderbybel bladsy 50 – 55**
**Benjamin mag saamgaan/ Die waarheid kom uit**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 50 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Opsie 1: “Kollig”
- Veduidelik wat ‘n kollig is: Wanneer iemand op die verhoog is, skyn die kollig op hom of haar. Dit is dan sy of haar beurt om ‘n item te lewer. (sing, gediggie opsê, dans...)
- Die verhaal van Josef het verskillende karakters: Josef, Benjamin, Juda, Jakob...
  - Laat die kinders wat wil, ‘n karakter kies.
- Plaas elke karakter, een vir een, in die kollig en vra dan vir die karakter vrae.
  - Jy kan die kolligefek skep deur werklik ‘n kollig daar te hê of deur die karakter op ‘n spesiale bankie of stoeltjie te laat sit.
- Hier volg ‘n paar idees vir vrae:
  - Josef: Hoe het dit gevoel toe jy nog jonk was en almal gedink het jou drome is dom?
    Dink jy jy is beter as ander omdat jy die betekenis van drome kan uitlê?
    Was jy lus om jou broers terug te kry vir wat hulle aan jou gedoen het?
  - Juda: Waarom het julle destyds julle broer verkoop?
    Hoe het dit destyds gevoel toe julle ‘n dier se bloed aan jou boetie se klere gesmeer het en toe vir jou pa gejok het en gesê het hy is dood?
    Was jy bly of bang toe jy uitvind dat Josef die onderkoning van Egipte geraak het? Waarom?

5.2 Opsie 2: Van Kanaan na Egipte
- Aan die einde van die les is ‘n doolhof.
- Maak ‘n afskrif vir elke kind en gee vir elkeen ‘n potlood om die doolhof se pad te probeer vind.

6. Teksvers

Ef. 4: 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Vir die kleintjies kan ‘n mens dit vereenvoudig na: Vergewe mekaar soos Jesus julle vergewe het.

6.1 Teksversvaslegging opsie 1: Tref die teiken.

- Lees die teksvers vir die kinders.
- Lees dan die Onse Vader.
- Die kinders moet luister of hulle ‘n ooreenkoms (dit wat dieselfde is) kan hoor.

Matt. 6: 9 – 13
“Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.
Gee ons vandag ons daaglikse brood;
en **vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree**;
en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.


- Aan die einde van die les is ‘n teiken. (Dit sal dalk beter werk as die teiken op ‘n A3 vel papier uitgedruk word.)
- Plaas die teiken op die grond.
- Gee elke kind die geleentheid om ‘n muntstuk op die teiken te laat val terwyl hulle oë toe is.
- In die sirkels op die teiken, is daar woorde uit die Josefverhaal geskryf. Indien die muntstuk op een van hierdie sirkels val, moet die klas iets rakende die woord uit die Josefverhaal vertel.
- Indien die muntstuk op die middelkol (“bull’s eye”) val, moet die hele klas Ef. 4: 32 opsê.
- Indien die munstuk die papier mis val, moet die kind wat die munstuk laat val het, die teksvers alleen opsê.


6.2 Teksversvaslegging opsie 2: Voeg voorbeelde by.


- Oefen die teksvers deur vir elkeen ‘n beurt te gee om dit op te sê, maar aan die einde van die vers moet hulle dit prakties of persoonlik maak.
- Voorbeelde:
  - Ek is goedgesind en hartlik teenoor my boetie, en vergewe hom dat hy my pen gebreek het soos God my ook in Christus vergewe het.
  - Ek vergewe my maatjie dat sy lelik was met my net soos Jesus mý vergewe het.

7. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
  - Herinner die kinders aan Josef se drom
    - Herinhet ‘n plan met Josef se lewe gehad.
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
    - Daar het ‘n klomp aaklige goed met Josef gebeur.
      - Hy het sy familie as ‘n jong seun verloor.
      - Hy was waarskynlik baie bang en baie hartseer.
      - Hy is as ‘n slaaf verkoop.
      - Hy is onskuldig in die tronk gegooi.
    - Josef het alle rede gehad om sy broers te haad en terug te kry.
      - Hy kon hulle laat seermaak het.
      - Hy kon hulle in die tronk laat gooi het.
      - Hy kon hulle laat doodmaak.
    - Josef het hulle vergewe. Dit is ‘n wonderwerk!
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?


Josef se broers
Jakob
Drome
Ef. 4: 32


Begin
Einde
Great Sea
Joppa
Lod
Gath
Gaza
Canaan
Bethel
Jericho
Jazer
Heshbon
Jebus
Bethlehem
Hebron
Salt Sea
Dibon
Arnon
Moab
Zered
Edom
Zoar
Bozrah
Havilah
Amalek
Hormah
Kadesh-barnea
Rameses
Goshen
Pithom
Succoth
Etham




**Kleur die prent mooi in.**

**Les 20**
**Hersiening**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Kyk of hulle die Bybelboek-naam-liedjie kan sing sonder die CD.

3. Lees die Bybel
   - Blaai die Bybel saam met die kinders vanaf bl.34 – 55 deur.
   - Kyk of hulle die verhale kan onthou

4. Kyk nou wie die eerste 17 Bybelverhale, in volgorde, kan oorvertel sonder om in die Bybel te kyk.

5. Gaan die 3 teksverse weer met die kinders deur:

Hand. 7: 9 Uit jaloesie het die stamvaders vir Josef verkoop, maar God was by hom.

Hebr. 13: 5 God sê: “Ek sal nooit van jou af weggaan nie, jou nooit in die steek laat nie.”


Ef. 4: 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.


Vir die kleintjies: Vergewe mekaar soos Jesus julle vergewe het.

6. Kyk wie kan die teksverse op hulle eie opsê.

7. Speel weer ‘n speletjie of twee van die vorige lesse wat die kinders baie geniet het.









Les 16





Les 18



**Les 21**
**Kinderbybel bladsy 56 – 59**
**‘n Baba in ‘n bootjie/ Moses slaan ‘n slag vir vryheid**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 56 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

5.1 Opsie 1: Raai wie dit is.
- Skryf die verhaal se karakters op aparte stukkies papier.
- Gooi die papiertjies in ‘n hoed, boks, sak of enige houer.
- Gee elke kind ‘n kans om ‘n papiertjie uit die houer te trek.
- Hulle moet dit vir niemand anders wys nie, behalwe vir jou.
- Vra vir die kind vrae oor die karakter wat hy uit die houer getrek het.
- Hy antwoord die vrae sonder om te sê wie hy is.
- Die ander moet dan raai wie hy is.
- Jy kan ook die papiertjies in die klas wegsteek en die kinders kans gee om dit te soek in plaas daarvan dat hulle dit uit ‘n houer trek.

5.2 Opsie 2: Maak mandjies.
- Gee vir elke kind 6 pypskoonmakers.
- Hulle moet dit so vashou dat die bo en onderpunte presies langs mekaar is. (Een pypskoonmaker moet dus nie langer as ‘n ander een uitsteek nie.
- Laat hulle dit nou met ‘n wolletjie in die middel vasbind.
- Sprei nou die pypskoonmakers sodat dit ‘n ster vorm.
- Buig nou elke punt van elke pypskoonmaker sodat dit die raam van ‘n ronde mandjie vorm.
- Gee vir elke kind ‘n lang stuk wol en laat hulle dit tussen die pypskoonmakers deur vleg om ‘n mandjie te vorm.
- Vir pret kan ‘n mens die mandjies in ‘n bak water sit en kyk of hulle dryf.

5.3 Opsie 3: Maniere om die mandjie waterdig te maak.

- Neem ‘n mandjie saam na die les.
- Stuur die mandjie in die klas rond sodat elkeen ‘n geleentheid kry om die mandjie vas te hou.
- Die persoon wat die mandjie vashou, moet sê watter karakter hy in die verhaal sou wou wees en waarom hy daardie karakter sou wou wees.
- Hy moet afsluit deur te sê watter maniere hy sou gebruik om die mandjie waterdig te kry.

6. Teksvers vir die volgende twee weke
Rom. 8: 31 God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?

<u>Teksversvaslegging: Roep mekaar</u>

- Kies ‘n kind om aan te wees. Blinddoek hom.
- Terwyl die kind tot 10 tel, loop die ander kinders in ‘n groterige sirkel om hom.
- Sodra hy by tien kom, roep hy: “God is vir ons!”
- Die ander gaan staan dadelik stil en roep terug: “Wie kan teen ons wees!”
- Die een wat aan is, loop agter die stemme aan en probeer een van die ander kinders raak. Die ander kinders moet bly stil staan.
- Die een aan wie hy raak, is nou aan.

6. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
    - Die ouer kinders mag dalk die volgende vrae kan bespreek.
      - Dink hulle ons teksvers, *God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?* pas by ons Bybelverhaal?
      - Op watter manier?
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
    - Jy kan die volgende vrae vra om die kinders te help dink:
      - Wie was die mense in die verhaal wat vir God nodig gehad het?
      - Wie van hulle het wys (slim) opgetree?
      - Op watter manier het hulle dit gedoen?
      - Wie, in die verhaal, dink jy was bang en bekommerd?
      - Waarom het hulle so gevoel?
      - Voel jy soms bang en bekommerd?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 22**
**Kinderbybel bladsy 60&61**
**Die brandende bos/ ‘n Honderd en een verskonings**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 60 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

4.1 Speletjie: Ek is nie goed genoeg nie/ Ek is nie lus nie.
   - Aan die einde van die les is ‘n blad met kaarte.
   - Maak genoeg afdrukke en knip dit uit sodat elke kind 9 kaarte kry.
   - Speel nou op dieselfde wyse wat jy Uno of Snap sal speel.
     - Elkeen hou sy pak kaarte onderstebo sodat niemand kan sien wat dit is nie (ook nie self nie).
     - Elkeen kry ‘n kans om ‘n kaart uit sy pak neer te sit.
     - Indien twee kaarte, wat dieselfde is neergesit word, moet almal een van die volgende twee sinne skree:
       - “Ek is nie goed genoeg nie!” of “Ek is nie lus nie!”
     - Wie dit eerste skryf, mag die kaarte neem.
     - Die een wie se kaarte eerste op is, verloor en die een met die meeste kaarte wen.

4.2 Aktiwiteit: Wat is mý verskonings?
   - Aan die einde van die les is ‘n werkvel met die opskrif, *Verskonings, verskonings...*
   - Maak ‘n afskrif vir elke kind.
   - Lees weer *Honderd-en-een Verskonings* op bl. 60&61 vir die kinders en laat hulle die werkvel invul.
   - Laat, die wat wil, met die groep deel wat hulle geskryf het. Bespreek dit ‘n bietjie.

4.3 Aktiwieteit: Pasmaats
   - Aan die einde van die les is ‘n werkblad met prentjies.
   - Maak ‘n kleur afskrif vir elke kind.
   - Laat hulle die prentjies aan die linkerkant met die regte prentjies aan die regterkant, met ‘n potloodstreep, verbind.

5. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

6. Hersiening

- Vertel vir mekaar laas week se les.
- Sê laas week se teksvers op.

**Verskonings, verskonings...**

1. Wat was Moses se verskonings? ..................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

2. Watter verskonings het mense deesdae om nie te doen wat God vir hulle vra om te doen nie?

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................

.........................................................................................................


.........................................................................................................

.........................................................................................................


**Pas die regte prent aan die linkerkant by die regte prent aan die regterkant deur 'n lyn van die een na die ander te trek:**




















**Kleur die prent mooi in.**

**Les 23**
**Kinderbybel bladsy 62 – 65**
**Farao sê nee/ Verskillende plae**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 62 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

4.1 Speletjie: Vreet op die slang
- Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n groot slang en ‘n prent met ‘n klomp klein slangetjies.
- Maak een afskrif van elke prent en knip die slange uit.
- Plaas die klein slangetjies op die grond.
- Verdeel die klas in twee groepe.
- Gee elke kind ‘n geleentheid om die groot slang bo-op ‘n klein slangetjie te probeer gooi.
- Elke keer as ‘n kind dit regkry, kry hy sy span ‘n punt.

4.2 Speletjie: Plaag-plaag
- Verdeel die kinders (afhangend van hoeveel hulle is) in die volgende drie plae.
  - Sommiges is dus paddas, springkane of hael.
  - Hulle vorm dus drie spanne.
- Reël dalk maar om die speletjie saam met een van die ander klasse te speel, want dit werk nie lekker as daar nie genoeg paddas, sprinkane en haelkorrels is nie.
- Aan die einde van die les is ‘n blad met die woord padda, springkaan en hael.
- Maak soveel afskrifte soos benodig.
- Steek elke kind se plaagnaam voor en agter op hom vas.
- Die paddas moet die springkane vang.
- Die springkane moet die haelkorrels vang.
- Die haelkorrels moet die paddas vang.
- Speel die speletjie soos ‘n mens aan-aan speel.
- As ‘n kind aan is, moet hy op sy hurke gaan sit.
- Speel die speletjie ‘n paar maal. Elke keer as ‘n span wen, kry hulle een punt.

5. Teksvers vir die volgende twee weke:

Eks. 15: 3 Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is 'die Here'!

Teksversvaslegging opsie 1: Gebruik handgebare

Die Here ...Sit jou hand in die lug. Buig jou arm by jou elmboog. Jou handpalm moet weg wys van jou af. Buig nou jou arm effens vorentoe terwyl jy jou hand, by jou pols, vooroor buig.

is oorwinnaar: ...Spring op en af van blydskap met jou hande in die lug.

in die stryd: ...maak of jy in die lug met 'n swaard veg.

Sy Naam is 'die Here'! ...Sit jou hand in die lug. Buig jou arm by jou elmboog. Jou handpalm moet weg wys van jou af. Buig nou jou arm effens vorentoe terwyl jy jou hand, by jou pols, vooroor buig.

Teksversvaslegging opsie 2: Vraag en antwoord

- Jy vra 'n vraag en die kinders moet jou antwoord. Herhaal dit 'n paar maal.
- Jy vra: Wie is die oorwinnaar?
- Kinders antwoord: Die Here is oorwinnaar!
- Jy vra: Waarin die die Here die oorwinnaar?
- Kinders antwoord: Die Here is oorwinnaar in die stryd!
- Wat is Sy naam? Die Here, is Sy naam!

6. Kom ons dink oor die Bybel
  - Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
  - Vra:
    - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
    - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
  - So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
    - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
    - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
    - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

7. Hersiening
  - Vertel laas week se verhaal.











# Paddas

## Springkane

# Hael



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 24**
**Kinderbybel bladsy 66&67**
**Die laaste plaag/ Die Joodse paasfees**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 66 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

3. Laat hulle die verhaal oorvertel.

4. Opsies vir vaslegging

4.1 Aktiwiteit 1: ‘n Lammetjie se bloed teen die koesyn.
- Meng rooi kleursel met water en bring kwaste na die les (reël vroegtydig dat die kerkkantoor met Wouter reël; hy het baie kwaste)
- Plak wit papier om die koesyn van die klas se deur (aan die buitekant).
- Laat die kinders die wit papier, al om die koesyn, met die water en rooi kleursel verf.
- Vra vir die kinders, terwyl julle dit doen, wat dit met vandag se Bybelverhaal te doen het.

4.2 Speletjie: Slaaf-slaaf
- Verdeel die kinders in twee groepe, naamlik eienaars en slawe.
- Rol papierballetjies van koerantpapier.
- Gee vir die eienaars opgerolde koerantpapier (swepe en stokke) waarmee hulle die slawe slaan (kyk maar mooi dat hulle nie mekaar seermaak of in die gesig slaan nie).
- Die slawe kruip op die grond rond terwyl hulle kastig modder meng om bakstene te maak.
- Kies een van die kinders wat die slawe moet probeer red.
- Hy moet ‘n ent weg (een en ‘n half meter of verder) vanaf die slawe en eienaars staan.
- Hy probeer die slawe raak gooi. As hy ‘n slaaf raak gooi, is hy verlos en kan hy kom help gooi.

4.3 Aktiwiteit: Bitterkruie en ongesuurde brood
- Neem voorbeelde saam van die smake wat vir die pasga beskryf word.
- ‘n Mens kry ongesuurde brood te koop (byvoorbeeld Matzos). Dit smaak waarskynlik baie lekkerder as wat die ongesuurde brood van die pasga gesmaak het, maar dit behoort die idee te gee.
- Daar is verskeie bitterkruie, maar kakaopoeier behoort die smaak goed genoeg oor te dra.
- Verduidelik dat die bitter smaak die Israeliete moes herinner aan die slegte tyd toe

hulle slawe was en dat God hulle daarvan verlos (vry gemaak) het.

5. Kom ons dink oor die Bybel
- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
    - Die ouer kinders mag dalk verstaan dat die paaslam, wat se bloed aan die koesyn gesmeer is, na Jesus verwys.
    - Net soos die lammetjie se dood die Israeliete beskerm het, beskerm Jesus se dood en opstanding uit die dood my en jou.
    - Die Jode was slawe (dalk kan jy weer sekermaak dat hulle verstaan wat dit beteken) en God het gemaak dat hulle nie meer slawe is nie. Mense is slawe van die sonde; hulle kry dit nie self reg om op te hou om ander mense seer te maak nie (verwys na die plakkate teen die muur). Jesus se dood en opstanding het gemaak dat ons nie meer slawe van die sonde hoef te wees nie.
    - Jy hoef nie in te veel besonderhede in te gaan nie, want dit word in die jare wat kom, breedvoerig in die Bybelskool verduidelik.
    - Jy mag dalk byvoeg dat ons deesdae, vandat Jesus aan die kruis dood is en uit die dood opgestaan het, Paasfees vier om ons te herinner aan wat Jesus vir ons gedoen het.
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

6. Hersiening
- Vertel laas week se Bybelverhaal.
- Sê laas week se teksvers op.



**Kleur die prent mooi in.**

**Les 25**
**Hersiening**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Kyk of hulle die Bybelboek-naam-liedjie kan sing sonder die CD.

3. Lees die Bybel
   - Blaai die Bybel saam met die kinders vanaf bl. 56 – 67 deur.
   - Kyk of hulle die verhale kan onthou

4. Kyk nou wie die eerste 21 Bybelverhale, in volgorde, kan oorvertel sonder om in die Bybel te kyk.

5. Gaan die 9 teksverse weer met die kinders deur:

Gen. 1: 31 God het gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.

Gen. 4: 7 ...die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.

Jak. 2: 17 Geloof sonder dade is dood.

Joh. 3: 16 “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Jes. 43: 1 Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

Hand. 7: 9 Uit jaloesie het die stamvaders vir Josef verkoop, maar God was by hom.

Hebr. 13: 5 God sê: “Ek sal nooit van jou af weggaan nie, jou nooit in die steek laat nie.”


Ef. 4: 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het. (Vergewe mekaar soos Jesus julle vergewe het.)

Eks. 15: 3 Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is ‘die Here’!

6. Kyk wie kan van die teksverse op hulle eie opsê.
   - Is daar van die teksverse wat vir enige van hulle meer spesiaal is?
   - Dalk is daar van hulle wat bietjie met die groep kan deel.

7. Speel weer ‘n speletjie of twee van die vorige lesse wat die kinders baie geniet het.






**Les 26**
**Kinderbybel bladsy 68 – 73**
**God wys die weg/ ‘n Muur van water**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 68 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: “Open the gate”
   - Verduidelik aan die kinders dat hierdie speletjie hulle moet herinner aan die Israeliete wat vry graak het/ nie meer slawe nie.
   - Kies ‘n afgebakende gebied.
   - Kies een kind om in die middel te staan.
   - Die res staan almal langsmekaar aan die een kant van die afgebakende gebied.
   - Hy roep een van hulle om verby hom te probeer hardloop; as hy dit regkry is die “hek” oop en moet almal verby hom probeer hardloop.
   - Die kinders wat hy vang moet dan saam met hom in die middel kom staan en help kinders vang.
   - Verduidelik weer die verband tussen die speletjie en die Bybelverhaal wanneer die speletjie klaar gespeel is.

5.2 Speletjie: Rivier/wal
   - Verduidelik aan die kinders dat die speletjie ons herinner aan die Rooisee wat die Here laat droog word het sodat die Israeliete daar deur kon trek.
   - Verdeel die kinders in twee spanne.
   - Verbeel jou daar is ‘n rivier en weerskante van die rivier is ‘n wal.
   - Die spanne staan weerskante van die rivier op die wal en kyk na mekaar.
   - Wanneer jy sê, *rivier* spring alby spanne vorentoe tot in die rivier.
   - Wanneer jy sê, *wal* spring alby spanne agtertoe tot op die wal.
   - Die kinders mag nie vorentoe en agtertoe tree nie, maar moet met alby voete gelyk spring.
   - Verduidelik weer die verband tussen die speletjie en die Bybelverhaal wanneer die speletjie klaar gespeel is.

6. Teksvers vir die volgende twee weke

Ps. 46: 11 Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.

<u>Teksversvaslegging opsie 1: (vir kinders wat kan lees)</u>

Voorbereiding: Skryf die teksvers uit.
Knip die woorde uit.
Plaas elke woord in 'n ballon, blaas dit op en knoop toe.

Leer eers die teksvers aan.
Laat hulle nou die ballonne bars en die woorde in die regte volgorde pak.

<u>Teksversvaslegging opsie 2: Hop 'n tennisbal</u>
- Staan in 'n kring.
- Die kinders hop 'n tennisbal vir mekaar.
- Elke keer as 'n kind 'n tennisbal vang, moet hy met die teksvers aangaan waar die vorige een opgehou het.

<u>Teksversvaslegging opsie 3: Prente</u>
- Aan die einde van die les is prente vir teksversvaslegging.
- Leer die woorde van die teksvers met behulp van die prente en neem dan een vir een prent weg tot hulle die teksvers uit hulle kop kan opsê.

7. Kom ons dink oor die Bybel
- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?



Ps. 46: 11 Bedaar




**en erken**
**dat Ek**
**God is,**



hoog bo die nasies,



hoog
bo die
aarde.




**Kleur die prent mooi in.**

**Les 27**
**Kinderbybel bladsy 74&75**
**Niks om te drink nie/ Niks om te eet nie**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 74 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Demonstrasie
- Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n kwartel asook mosterdsaad.
- Wys dit vir die kinders.
- Die Bybel beskryf manna as iets wat soos mosterdkorrels gelyk het, maar wit van kleur.

5.2 Handwerk: Maak ‘n kwartel



**Glue the pieces to the plate to make a quail:**
1. Glue the wings onto either side of the plate.
2. Glue the feet onto the bottom of the plate on either side of center.
3. Glue the head in the middle of the paper plate slightly overlapping the wings. ...
4. Glue the beak in the middle of the head.
5. Glue the eyes above the beak.

5.3 Speletjie: Gooi die hout in die dam

- Neem sommer enige stokkie of takkie wat van ‘n boom afgeval het.
- Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n dam. Dalk kan die kantoor ‘n A3 afskrif daarvan maak.
- Plaas die “dam” op die grond. Tree so 2 of 3 tree af en plaas ‘n skoen of iets op die grond om die merk aan te dui.
- Elkeen kry ‘n beurt om die stok, vanaf die merk in die “dam” te gooi.
- Jy kan ‘n bietjie van ‘n kompetisie daarvan te maak deur ‘n uitklop kompetisie te hou en te kyk wie oorbly.
    - Elkeen kan drie gooie op ‘n beurt kry.
    - Die kinders wat die meeste uit drie kry, beweeg aan na die volgende rondte.
    - Hou so aan tot een oorbly.

5.4 Speletjie: Vang die kwartels.

- Die kinders moet van een punt tot by ‘n ander punt hardloop, in hurk posisie. (Sit op hulle hurke en probeer so hardloop.)
- Terwyl hulle so hardloop, moet hulle ook hulle “vlerke” klap.
- Verduidelik aan hulle dat hulle kwartels is.
- Laat hulle bietjie oefen om so te hardloop. (Jy kan hulle ook laat resieshardloop.)
- Kies 1 of meer (afhangend van hoeveel kinders in die groep is) om die kwartels te vang. As jou spasie groot genoeg is, kan jy ‘n hok van stoele of karton of iets maak waarheen die gevangde kwartels geneem moet word.

6. Kom ons dink oor die Bybel

- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
    - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
    - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
    - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
        - Lees, vir jou eie agtergrondkennis Eks. 16: 1 - 36.
        - God is geduldig ten spyte van ons ongeduldigheid en swak geloof.
        - God voorsien in ons dag tot dag behoeftes.
        - Die wat laat geslaap het en nie vroeg genoeg opgestaan het om die manna op te tel nie, het niks gekry nie, want die son het dit laat wegsmelt.
        - Die wat op die Sabat probeer optel het, het ook niks gekry nie.
    - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
        - Jy kan hulle help om te dink oor ons as mense se swak geloof en ongeduldigheid.
        - As ons nie dadelik kry wat ons wil hê nie, is ons kwaad.
    - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

7. Hersiening

- Sê vandag en laasweek se Bybelverhale op.
- Sê laas week se teksvers op.




Kleur die prent mooi in.

**Les 28**
**Kinderbybel bladsy 76 – 79**
**God op die berg/ God sorg vir Sy volk/ Die tien gebooie**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 76 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Vaslegging
   - In gr. 5&6 word die gebooie in besonderhede behandel. Daar hoef dus nie baie tyd aan elkeen afsonderlik gespandeer te word nie.

5.1 Speletjie: Waarom het ons reëls nodig?

- Laat die kinders vir ‘n kort rukkie aan-aan speel.
- Roep hulle bymekaar en vra hulle wat die reëls vir aan-aan is.
  - Die belangrikste is seker dat jy moet erken dar jy aan is. As jy dit ignoreer, werk die speletjie nie.
- Probeer vir ‘n rukkie aan-aan sonder reëls speel.
- Roep hulle weer byeen en bespreek die volgende vrae (lok hulle uit om deel te neem; probeer om nie al die antwoorde te gee nie; die idee is dat hulle dink - verwys na die *Dink oor die Bybel plakkaat.*):
  - Werk aan-aan sonder reëls?
    - Dit is nogal pret, maar dit is nie regtig aan-aan nie; elkeen doen maar net wat hy wil.
    - As mens lank so aanhou raak dit frustrerend en vervelig.
    - Dit kan ook gevaarlik raak as elkeen mal rondhardloop soos hy wil; iemand kan seerkry.
    - ...
  - Laat die kinders reëls opnoem wat hulle by die huis het.
  - Waarom het God vir ons reëls gegee?
    - Om ons te beskerm.
    - As daar nie reëls is nie, gaan iemand seerkry.
    - ...

5.2 Aktiwiteit: Maak klipplate

- Aan die einde van die les is ‘n prent van ‘n klipplaat.
- Maak afskrifte daarvan.
  - Jy kan besluit of julle twee A3 afskrifte wil maak en dan as klas die gebooie daarop skryf. Elke kind kan ‘n beurt kry om ‘n gebod neer te skryf.
  - ‘n Ander opsie is om vir elke kind twee A4 afskrifte te gee en dat hulle, elkeen self die gebooie daarop skryf. (Ek is nie seker of hulle al klein genoeg kan skryf om alles te laat inpas nie.)
  - Aan die einde van die les is ‘n prent waarop die gebooie reeds ingeskryf is. ‘n Derde opsie is dus om dÍt vir elkeen te gee en hulle dit te laat inkleur. Jy kan dit dan vir die kerkkantoor gee om te lamineer. Gee dit terug aan die kinders en spoor hulle aan om dit in hulle kamers, teen die muur te gaan opplak.
- Dalk is van julle so inoverend om klippe by die see op te tel en die kinders die gebooie daarop te laat verf of om die kinders plate van klei te laat maak.

6. Teksvers vir die volgende twee weke

Ps. 119: 35 Laat my wandel volgens U gebooie, want daarin vind ek vreugde.


<u>Teksversvaslegging: Aktiwiteit</u>

- Die kinders begin deur te sê: “Psalm 119 vers 35”
- Nou begin hulle stap. Terwyl hulle stap, sê hulle: “Laat my wandel.”
- Dan stop hulle en gee mekaar drukkies (handdrukkies as die seuns nie gemaklik is nie) terwyl hulle sê: “volgens U gebooie.”
  - Herinner die kinders dat die gebooie ons beskerm teen mekaar sodat ons nie mekaar seermaak nie. Daarom is dit liefdevol as ons die gebooie nakom.
- Dan spring hulle op en af, met hande omhoog terwyl hulle kliphard skree: “want daarin vind ek vreugde!”
- Herhaal dit tot dat dit vervelig raak!

(Ek dink ons moet bogenoemde in die kerk vir die gemeente wys.)

<u>Teksversvaslegging: Speletjie</u>

- Een kind skree bevele.
- Gee hulle beurte om dit te doen; verkieslik vir elkeen ‘n beurt.
- Die bevele moet in enige volgorde geskree word.
- Die bevele is soos volg. Langs elke bevel is die aksie wat die res moet uitvoer.
  - Wandel — Stap rustig.
  - Volgens gebooie — Gee mekaar drukkies (handdrukkies as hulle ongemaklik is).
  - Daarin vind ek vreugde — Spring op en af met die hande in die lug.
- Julle kan kyk wie uitgevang word deur die verkeerde aksie te doen of te lank dink voor die aksie gedoen word.




1. God is julle enigste God.
2. Julle mag niks anders aanbid nie.
3. Moenie God se Naam vir verkeerde redes gebruik nie.
4. Rus op die sewende dag.
5. Luister na Pappa en Mamma.


6. Moenie mense doodmaak nie.
7. Moenie skei nie.
8. Moenie steel nie.
9. Moenie jok nie.
10. Moenie al jou tyd spandeer om te wens vir dinge wat jy nie het nie.

Les27





**Kleur die prent mooi in.**

**Les 29**
**Kinderbybel bladsy 84 – 89**
**Die beloofde land in sig/ Die lied en laaste dae van Moses**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Oefen die Bybel-boek-naam-liedjie.

3. Lees die Bybel
   - Laat die kinders **ELKEEN HULLE EIE** Kinderbybel op bl. 84 oopmaak.
   - Vertel die verhaal of lees die verhaal of laat een van die kinders die verhaal lees (by die ouer kinders sal dit goed wees as een van die kinders die verhaal sommige weke lees)

4. Laat hulle die verhaal oorvertel.

5. Opsies vir vaslegging

5.1 Speletjie: Telefoontjie.
- Verduidelik aan die kinders dat ons gaan kyk hoe goed elkeen luister.
- Om dit te toets gaan ons telefoontjie speel.
  - Die kinders sit in ‘n ry.
  - Jy fluiter iets in die eerste kind se oor. Hy fuister dit in die volgende kind so oor. So dra elkeen die boodskap oor deur dit in die volgende een se oor te fluister. Die laaste een sê dan aan die groep wat hy gehoor het. Dit word vergelyk met die oorspronklike woorde.
- Vra vir die kinders wat dit beteken as Mamma, Pappa of Juffrou vra: “Het jy nie ore nie?!”
  - Hulle vra nie of jy gehoor het nie, maar of jy gedoen het wat hulle gevra het.
  - God vra nie of ons gehoor het wat Hy gesê het nie, maar of ons doen wat Hy sê.

5.2 Speletjie: “Simon says”.
- Speel “Simon says”, maar in plaas daarvan om te sê, sê “Jesus sê”.
- As jy byvoorbeel sê: Jesus sê spring op en af, dan moet hulle of en af spring, maar as jy net sê spring op en af, dan moet hulle nie doen nie.
- Verduidelik na die tyd dat ons nie altyd doen wat Jesus van ons vra nie.
  - As iemand lelik is met ons, wil ons altyd terug lelik wees, maar Jesus wil hê ons moet liefdevol bly teenoor sulke mense.

5.3 Aktiwiteitsblad
- Aan die einde van die les is ‘n werkblad waarvan jy afskrifte kan maak vir die kinders wat al kan lees en skryf.

6. Kom ons dink oor die Bybel







- Wys die prent van die seun en dogter wat oor die Bybel dink.
- Vra:
  - Waaroor dink hulle? **Die Bybel**
  - Waarom dink ons oor die Bybel? **Sodat Jesus ons kan verander sodat ons sal ophou om mekaar seer te maak**
- So kom ons dink nou oor die Bybel sodat Jesus ons kan verander
  - Leer die Bybelverhaal vir ons iets van God?
    - God wil hê dat ons gelukkig moet wees. Daarom het Hy vir ons reëls gegee sodat ons nie onsself en ander seermaak nie.
  - Leer die verhaal vir ons iets van mense?
    - Ons luister nie altyd wanneer God vir ons vra om iets te doen nie.
    - Waarom dink julle doen ons nie altyd wat Hy vra nie? (Gee hulle kans om hulle eie redes te gee.)
      - Soms is ons bang. Ons vertrou nie vir God nie, net soos die Israeliete nie vertrou het dat God hulle sal help as hulle in die nuwe land intrek nie.
  - Waarom dink julle het God die verhaal in die Bybel gesit?

7. Hersiening

- Vertel laas week en hierdie week se verhale
- Sê laas week se terksvers op.


# Aktiwiteitsblad

Gebruik die volgende sleutel om die aktiwietit te voltooi:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
|  | e | k | c | w | i | q | l |
|  | o | j | f | h | m | b | y |
|  | a | s | u | t | p | n | r |
| |  |  |  |  |  |  |  |

1. Die plek waar deur die Israeliete getrek het?

_____ _____ _____ _____ _____ _____ _____




2. Verkenners


_____ _____ _____ _____ _____



en

_____ _____ _____ _____ _____





**Kleur die prent mooi in.**

**Les 30**
**Hersiening**

1. Administrasie
   - Gee die kinders ‘n geleentheid om ‘n kol langs hulle name op die registerbord te plak.
   - Vul die register in die lêer in.

2. Kyk of hulle die Bybelboek-naam-liedjie kan sing sonder die CD.

3. Lees die Bybel
   - Blaai die Bybel saam met die kinders deur.
   - Kyk of hulle die verhale kan onthou.

4. Kyk nou wie die Bybelverhale, in volgorde, kan oorvertel sonder om in die Bybel te kyk.

5. Gaan die teksverse weer met die kinders deur:


Eks. 15: 3 Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is ‘die Here’!
Ps. 119: 35 Laat my wandel volgens U gebooie, want daarin vind ek vreugde.

6. Kyk wie die jaar se teksverse nog onthou.

Gen. 1: 31 God het gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.
Gen. 4: 7 ...die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.
Jak. 2: 17 Geloof sonder dade is dood.
Joh. 3: 16 “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.
Jes. 43: 1 Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.
Hand. 7: 9 Uit jaloesie het die stamvaders vir Josef verkoop, maar God was by hom.
Hebr. 13: 5 God sê: “Ek sal nooit van jou af weggaan nie, jou nooit in die steek laat nie.”
Ef. 4: 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het. (Vergewe mekaar soos Jesus julle vergewe het.)
Eks. 15: 3 Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is ‘die Here’!
Ps. 119: 35 Laat my wandel volgens U gebooie, want daarin vind ek vreugde.

7. Speel weer ‘n speletjie of twee van die vorige lesse wat die kinders baie geniet het.

Les 25



Les 26



Les27





